# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (27/11)

*Justin Chadwick (15 Julie 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "A meeting is an event where minutes are taken and hours wasted" James Kirk*

## RUSLAND

Die Sitrus-uitvoerdersforum het op Maandag vergader en saam met die CGA 'n waarskuwing aan die sitrusbedryf, met betrekking tot die Russiese mark, uitgereik. Die vergadering het die volgende as relevant tot die markomstandighede in Rusland geïdenitifiseer: Voorrade vanaf Egipte en Marokko op ongewone tye het 'n uitgerekte noord-suid oorvleueling tot gevolg gehad; betekenisvolle voorrade van lemoene vanaf noordelike en suidelike halfrond tans in die mark; groei van kleiner uitvoerders na Rusland; meer skepe na Rusland hierdie seisoen; gedempte tempo van verkope wat deur die normale somervakansie vererger is; vroeër somervrugte wat vir rakspasie kompeteer; hardnekkige sterk wisselkoers en pryse wat onder druk is.

Meeste van die bespreking was van toepassing op lemoene en die volgende aanbevelings is aan die bedryf gemaak:

- Maak jou somme: Maak seker dat jou verdienstes aan uitvoer 'n positiewe marge het, veral vir Klas 2 vrugte, en wees versigtig vir die versappingsopsie.
- Verskeep minder vrugte: Dit maak nie sin om na 'n oorvol mark te verskeep nie.
- Oorweeg versigtig die bron van markinligting waarvan jy gebruik maak: wees veral bedag vir gerugte en vertrou op CGA/FPEF inligting.
- Irrasionele reaksies word nie aanbeveel nie: Rasionaliteit sal lei tot stabiliteit.

Die FPEF en CGA ondersoek die geleentheid vir 'n gesamentlike vergadering tussen uitvoerders van suider-Afrika en invoerders in Rusland om tydens die vooraand van die Wêreld Voedsel Moskou Skou (13-16 September 2011) te vergader om die sitrushandel te bespreek en inligting en ondervinding uit te ruil. Geleenthede vir 'n Suid-Afrikaanse stalletjie by die skou word ook ondersoek. As jy meer inligting verlang, kontak Sandra Baetsen (sandra@fpef.co.za) of (justchad@iafrica.com).

## ETIESE HANDEL – HANDBOEK

Die handboek wat deur Fruit South Africa (onder die wakende oog van Colleen Chennels) ontwikkel is, is aan alle sitrusprodusente gestuur. Laat my asb weet as jy nog nie joune ontvang het nie (behoort by jou in die volgende week of so te wees).

## BELANGRIKE DATUMS

Soos ons halsoorkop in die laaste ses maande van die jaar ingaan, is die dagboeke besig om vol te raak. Neem asseblief kennis van die volgende belangrike datums:

**30 Augustus 2011**; CGA Raadsvergadering (Port Elizabeth); gevolg om 18:00 deur die Algemene Jaarvergaderings van die CGA, Citrus Research Trust, CRI, Sitrus Akademie, River Bioscience.

**7-9 September 2011**; AsiaFruit Logistica, Hong Kong – as jy 'n tyd vir die CGA Kamer wil bespreek, kontak gloria@cga.co.za.

**7 September 2011**; CGA Gehalte Werkswinkels van Nawels en Satsumas. Die Nawel en Sagte Sitrus Fokusgroepe het die CGA gevra om 'n vergadering te reël om alle aspekte relevant tot gehalte van nawels en satsumas te bespreek – om sodoende die beste praktyke en 'n plan om gehalte in 2012 te verbeter te identifiseer. Olive Grove, Stellenbosch – meer inligting sal volg.

**8 September 2011**; Sitrus Koördineringsvergadering wat deur DAFF gereël word om oor die 2011 seisoen te besin en vir 2012 te beplan. Olive Grove, Stellenbosch.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

Die Pomelo Fokusgroep het laas week vergader en hul voorspelling met 600 000 kartonne vermeerder. Die gepigmenteerde pomelo's van wat gepak is, is nou 11.8 miljoen kartonne van die 13.2 miljoen wat voorspel is; en die wit van wat gepak is, is 1.8 miljoen van die 2.1 miljoen wat voorspel is. Die skuif weg van wit pomelo's kan in die laaste drie jaar se afnames gesien word: 2009 – 2.5 miljoen kartonne; 2010 – 2 miljoen en 2011 1.6 miljoen jaar tot op datum.

In die sagte sitrus kategorie is die satsumas wat werklik gepak is (1.7 miljoen kartonne) minder as die oorspronklike skatting (2.2 miljoen). Soos die clementines klaarmaak, is hul nader aan die merk (2.5 miljoen kartonne wat werklik verpak is teenoor die skatting van 2.6 miljoen). Die pakkery van mandaryne is nou aan die gang met 1.3 miljoen van die geskatte 3.1 miljoen reeds gepak.

| Tot Week 27 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo | 11.9 m | 10.9 m | 13.6 m | 10.4 m | 13.2 m | 14.7m | 15.3 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 5.4 m | 6.1 m | 5.4 m | 5.3 m | 5.2 m | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 5.5 m | 7.3 m | 7.2 m | 5.9 m | 5.7 m | 9.8m | 9.3 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels * | 14.6 m | 17.9 m | 15.9 m | LE | MOENE | 19.4m | 18.6 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias* | 5.6 m | 6.4 m | 6 m | 17.7 m | 17.5 m | 42.9m | 42.9 m | 46.5m | 45.9m |
| | 43 m | 48.6 m | 48 m | 39.3 m | 41.6 m | 94.7m | 93.4 m | 99m | 97.2m |

*** Neem asb kennis dat 2011 se syfers van lemoene van wat verskeep is, vir ALLE lemoene is - PPECB nie in staat om betroubare syfers van wat verskeep is, te verskaf nie.**